# NASIENRIGLYNE

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| GRAAD | 12 |
| DATUM | NOVEMBER 2024 |
| VAK | EKONOMIE |
| VRAESTEL | 2 |
| PUNTETOTAAL | 150 |
| TYDSDUUR (UUR) | 2 |
| AANTAL BLADSYE | 25 |

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

# INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord **VIER** vrae soos volg in die **ANTWOORDBOEK**:

   **AFDELING A: VERPLIGTEND**
   **AFDELING B:** Beantwoord **TWEE** van die drie vrae.
   **AFDELING C:** Beantwoord **EEN** van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Antwoorde wat die vereiste aantal oorskry, sal NIE nagesien word nie.

3. Dui duidelik aan die begin van ’n vraag die nommer van die gekose vraag aan, byvoorbeeld **VRAAG 2.**

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die numeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

5. Lees die vrae aandagtig deur en begin **ELKE** vraag op ’n **NUWE** bladsy.

6. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

7. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

8. Skryf netjies en leesbaar in slegs **BLOU** en **SWART** ink.

© SACAI KOPIEREG

# AFDELING A

**VRAAG 1: VERPLIGTEND** **30 PUNTE- 20 MINUTE**

**1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1.1 D✓✓ besoedeling
1.1.2 B✓✓ verkoop
1.1.3 A✓✓ Koste-voordeel-analise
1.1.4 D✓✓ inflasie
1.1.5 A✓✓ 'n numeriese waarde aan te heg
1.1.6 C✓✓ kulturele
1.1.7 C✓✓ beide veranderlik en vas
1.1.8 B✓✓ dienste (8x2) (16)

**1.2 PAS ITEMS**

1.2.1 C✓ 'n Reëling onder besighede wat daarop gemik is om mededinging onderling te beperk.

1.2.2 A✓ Lewenswyses wat deur tradisionele mense gebruik word om 'n bestaan in 'n bepaalde omgewing te maak.

1.2.3 E✓ Produk of diens wat elke lid van 'n samelewing vryelik kan verbruik sonder om die beskikbaarheid daarvan vir ander te verminder.

1.2.4 H✓ 'n Onwettige mark waarin onwettige goedere gekoop en verkoop word of onwettige pryse gehef word.

1.2.5 G✓ Meet pryse op die eerste vlak van 'n beduidende kommersiële transaksie.

1.2.6 J✓ Produk het dieselfde fisiese eienskappe en kwaliteit as soortgelyke produkte van ander verskaffers.

1.2.7 K✓ Private koste plus eksterne koste.

1.2.8 D✓ Besoek aan 'n land deur individue wat nie inwoners van daardie land is nie. (8x1) (8)

**1.3 GEE EEN WOORD/TERM**

**(AFKORTINGS, AKRONIEME EN VOORBEELDE SAL NIE AANVAAR WORD NIE.)**

1.3.1 Monopolie✓
1.3.2 Bemarkbare permit ✓
1.3.3 Mededingingstribunaal ✓
1.3.4 Stagflasie✓
1.3.5 Wêrelderfenisgebied ✓
1.3.6 Privaat koste ✓ (6x1) (6)

**TOTAL SECTION A: [30]**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die **ANTWOORDBOEK.**

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE - 30 MINUTE**

**2.1 Beantwoord die volgende vrae**

**2.1.1 Noem enige TWEE kenmerke van volmaakte markte.**

- Homogene produkte ✓
- Groot aantal kopers en verkopers ✓
- Geen voorkeurbehandeling ✓
- Vrye kompetisie ✓
- Doeltreffende vervoer en kommunikasie ✓
- Produksiefaktore is heeltemal mobiel ✓
- Volmaakte kennis van die marktoestande ✓
- Vrye toegang en uitgang ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2x1) (2)

**2.1.2 Waarom word merietegoedere normaalweg deur die mark ondervoorsien?**

Sommige goedere is hoogs wenslik vir die algemene welsyn van die mense, maar nie hoog aangeslaan ( lae vraag deur verbuikers) deur die mark nie. ✓✓

Meriete goedere is nie winsgewind vir besighede nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1x2) (2)

**2.2 DATA RESPONS**

**2.2.1 Identifiseer die markstruktuur wat deur die logo's hierbo uitgebeeld word.**

Oligopolie✓
(Moet nie onvolmaakte mark aanvaar as antwoord nie) (1)

**2.2.2 Noem die tipiese aanvraagkromme vir die mark hierbo.**

Geknikte aanvraagkromme✓ (1)

**2.2.3 Beskryf kortliks die term *kartel.***

- ’n Groep besighede in ’n oligopolie wat saamkom met die doel om pryse vas te stel. ✓✓
- Openlike of formele samespanning of ooreenkomste tussen besighede in die oligopolistiese mark. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

**2.2.4 Wat kan vervaardigers doen om hul markaandeel te vergroot sonder om prysmededinging te gebruik?**

- Naverkope diens aan kliënte ✓✓
- Handelsmerke wat produkte meer aanloklik maak✓✓
- Adverteer/ bemark om meer klante te lok✓✓
- Deur-tot-deur verkope om meer klante te lok✓✓
- Internetverkope lok'n groter verskeidenheid kliënte✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord) (1x2) (2)

**2.2.5 Bespreek die redes waarom volmaakte mededinging meer voordelig is vir verbruikers as 'n monopolie.**

- Mense sal minder betaal omdat goedere op die laagste punt op die gemiddelde kostekromme geproduseer word. ✓✓
- Mense sal die voordeel van groter volumes goedere geniet. ✓✓
- Mense sal op lange duur laer pryse betaal weens mededinging. ✓✓
- Mense sal produkte kan kies/ groter verskeidenheid wat by baie besighede beskikbaar is, wat uitbuiting beperk. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord) (2x2) (4)

**2.3 DATA RESPONS**

**2.3.1 Identifiseer die punt op die grafiek wat die heersende markprys illustreer.**

Punt E / P ✓ (1)

**2.3.2 Noem die tipe regeringsingryping wat in die grafiek hierbo geïllustreer word.**

- Minimum pryse✓
- Prysvasstelling ✓
- Gereguleerde pryse✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1x1) (1)

**2.3.3 Beskryf kortliks die term *minimum pryse.***

Pryse wat deur die regering bepaal✓ word wat bo die markprys is. ✓

Pryse wat deur due regering ingestel word om die produsent te beskerm.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

© SACAI KOPIEREG

**2.3.4 Interpreteer die rede vir die surplus soos aangedui op die bostaande grafiek.**

’n Afname in aanvraag en ’n toename in aanbod as gevolg van hoër pryse. ✓✓

‘n Afname in die hoeveelheid gevra, wat lei tot ‘n toename in die hoeveelheid aangebied✓✓.

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

**2.3.5 Waarom vereis die regering minimumpryse op sekere produkte?**

- Minimum pryse word ingestel om produsente in staat te stel om gemaklike/volhoubare winste te maak. ✓✓
- Om produsente aan te moedig om belangrike noodsaaklike goedere en dienste te verskaf. ✓✓
- Minimum pryse word vasgestel om produsente van sekere produkte te beskerm om sukkelende produsente in staat te stel om ’n bestaan te kan maak. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2x2) (4)

**2.4 Bespreek die rol van die *Mededingingskommissie* en die *Mededingingsappèlhof* wat betrokke is by die mededingingsbeleid van Suid-Afrika.**

**Mededingingskommissie**

- Die kommissie probeer om alle Suid-Afrikaners gelyke geleenthede te gee op billike wyse aan ekonomiese aktiwiteite deel te neem✓✓
- Die kommissie ondersoek beperkende sakepraktyke/misbruik van dominante posisies/en samesmeltings. ✓✓
- Die kommissie het ten doel om billikheid en doeltreffendheid te bereik✓✓ (maks 4)

**Mededingingsappèlhof**

- Die Mededingingsappèlhof kan ’n beslissing van die Mededingingstribunaal op appèl hersien✓✓
- Die Mededingingsappèlhof kan ’n besluit wat hersien word, bevestig, wysig of tersyde stel✓✓
- Die Mededingingsappèlhof kan ook die bevel vir die vervreemding (Likwidasie) van bates bevestig, wat teenstrydig is met ’n samesmelting. ✓✓

(maks 4)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken ’n maksimum van 4 punte toe vir die blote lys van feite/voorbeelde.) (2x4) (8)

**2.5 Evalueer die negatiewe impak van samespanning in die ekonomie.**

- Samespanning sal lei tot verminderde mededingendheid op die lange duur deur die vermindering van BBP en indiensneming ✓✓
- Deur prysvasstelling, markdeling en uitsetbeheer deur kartelle en prysleierskap toe te laat ✓✓
- Samespanning kan lei tot die skep van skaarste om pryse te verhoog terwyl ondoeltreffende verskaffers ook beskerm word ✓✓
- Samespanning kan gemeenskap, verbruikers, besighede en selfs regerings dwing om hoër pryse vir goedere en dienste te betaal ✓✓
- Samespanning kan lei tot verwringing van ekonomiese markte en vertraging van innovasie omdat daar min aansporing is om geld aan navorsing en ontwikkeling te bestee✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken ’n maksimum van 2 punte toe vir die blote lys van feite/voorbeelde.) (4x2) (8)

**[40]**

**VRAAG 3: HEDENDAAGSE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 30 MINUTE**

**3.1 Beantwoord die volgende vrae.**

**3.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van pryse wat deur die Suid-Afrikaanse regering beheer word.**

- Brandstofpryse ✓
- Assesseringkoerse ✓
- Eiendomsbelasting ✓
- Sanitasieheffings ✓
- Vullisverwyderingsheffings ✓
- Waterheffings ✓
- Elektrisiteitstariewe ✓
- Posseëls ✓
- Minimum lone✓

(Aanvaar enige ander relevante voorbeeld) (2x1) (2)

**3.1.2 Wat het gebeur met binnelandse toerisme ná die Covid-19-pandemie?**

- Binnelandse toerisme-uitgawes het herstel en die voor-pandemievlak oorskry. ✓✓
- 'n Afname in besteebare inkomste het daartoe gelei dat verbruikers minder reis/ aan toerisme deelneem. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1x2) (2)

**3.2 DATA RESPONS**

**3.2.1 Identifiseer die omgewingskwessie wat in die spotprent hierbo geïllustreer word?**

Besoedeling / Aardverwarming✓ (1)

**3.2.2 Noem EEN oorsaak van aardverwarming.**

- Die opwekking van elektrisiteit uit fossielbrandstowwe. ✓
- Afkap van woude. ✓
- Gebruik van vervoer. ✓
- Die vervaardiging van voedsel. ✓
- Geboue aandryf. ✓
- Te veel verbruik. ✓
- Groenhuis gasse✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante oorsaak) (1x1) (1)

**3.2.3 Beskryf kortliks die term *bewaring.***

Bewaring beteken die handeling om iets dieselfde te hou of om dit te bewaar teen beskadiging. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante antwoord) (2)

**3.2.4 Bespreek die belangrikheid daarvan om groen belasting op besoedelende stowwe te hef.**

- Om besighede te ontmoedig om betrokke te raak by oormatige vrystelling van gevaarlike gasse wat die omgewing vernietig ✓✓
- Om hulle verantwoordelik te maak vir die omgewing en dit spaarsamig te gebruik vir die toekomstige geslagte om voordeel te trek uit hierdie gawes van die natuur ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1X2) (2)

**3.2.5 Verduidelik die maatreëls wat getref kan word om emissies wat veroorsaak word deur die verbranding van fossielbrandstowwe te verminder.**

- Toerusting / infrastruktuur kan in aanlegte/motors geïnstalleer word wat emissies sal verminder✓✓
  - bv. katalitiese omsetters / lugfilters ✓
- Besighede en huishoudings kan oorskakel na meer omgewingsvriendelike bronne (tegnologie) ✓✓
  - bv. Sonenergie/Windenergie/Hidro-energie/Gasenergie ✓
- Belasting of boetes hef van entiteite wat die toegelate hoeveelheid lugbesoedeling oorskry. ✓✓
- Deur die deelnemers te onderrig / op te lei om meer omgewings vriendelike praktyke te gebruik.

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2x2) (4)

## 3.3 DATA RESPONS

**3.3.1 Identifiseer die instelling wat die maandelikse verandering in brandstofpryse aankondig.**

Departement van Energie ✓ (1)

**3.3.2 Noem EEN rede vir die maandelikse veranderinge in brandstofpryse.**

- Depresiasie van die rand teenoor die Amerikaanse dollar ✓ (1)
- Prys van Brent Kru-olie✓

**3.3.3 Beskryf kortliks die term *hiper-inflasie***

'n Situasie wat verwys na uiterste en aanhoudende veranderinge in die algemene prysvlak bo 50%. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

**3.3.4 Verduidelik die rede waarom brandstofheffings as 'n gewilde bron van inkomste vir regerings beskou word.**

- Dit is 'n voldoende inkomstebron vir die regering. ✓✓
- Verbruikers word gedwing om brandstofheffings te betaal omdat vervoer in die ekonomie nodig is. ✓✓
- Die brandstofheffing word as 'n bykomende bron van inkomste vir die regering beskou. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1x2) (2)

**3.3.5 Bespreek die impak van brandstofprysstygings op die inflasiekoers.**

- Vervoerkoste sal styg en lei tot hoër produkpryse✓✓
- Die algemene prys van landbouprodukte sal tred hou met die styging in produksiekoste vir boere. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2x2) (4)

**3.4 Onderskei tussen *grond-* en *lug* besoedeling.**
**Grond besoedeling**

- Verwys na die agteruitgang in die gehalte en vrugbaarheid van die grond✓✓
- Oorsake van grondbesoedeling is
  - swak landboupraktyke✓
  - verhoogde mineraaleksplorasies✓
  - industriële afval✓
  - storting en ✓
  - onoordeelkundige wegdoening van stedelike afval ✓
- Grondbesoedeling kan ook lei tot die gebruik van chemikalieë in onkruiddoders en plaagdoders ✓✓ (2x2)

**Lugbesoedeling:**

- Lugbesoedeling word veroorsaak deur die vrystelling van skadelike chemikalieë in die atmosfeer as gevolg van energiegebruik bv. motorvervoervrystellings en industriële produksie ✓✓
- Lugbesoedeling is besoedeling van die binne- of buite-omgewing deur enige chemiese, fisiese of biologiese middel wat die natuurlike eienskappe van die atmosfeer verander. ✓✓
- Die meeste lugbesoedeling kom van die verbranding van fossielbrandstowwe✓✓
- Lugbesoedeling kom dikwels in geïndustrialiseerde gebiede voor. ✓✓ (2x2)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

('n Maksimum van 4 punte mag toegeken word vir blote lys van feite/voorbeelde) (2x4) (8)

**3.5 Evalueer die voordele van internasionale toerisme vir die Suid-Afrikaanse regering.**

- Internasionale toerisme het tot die land se ekonomie bygedra deur buitelandse valuta-verdienste te genereer, en sodoende die betalingsbalans positief te beïnvloed. ✓✓
- Internasionale toerisme het werksgeleenthede geskep in verskeie sektore, insluitend gasvryheid, vervoer en kleinhandel, en sodoende werkloosheidsyfers verminder. ✓✓
- Toerisme het ook gedien as ’n platform vir kulturele uitruiling en bevorder wedersydse begrip tussen nasies, wat Suid-Afrika se diverse kulturele erfenis op die globale verhoog bevorder. ✓✓
- Internasionale toerisme het investering in toerismeverwante bedrywe aangemoedig en bygedra tot innovasie en infrastruktuurverbeterings. ✓✓
- Die regering het inkomste verdien deur toeristebelasting te hef en dus bygedra tot die verhaling van eksterne koste. ✓✓
- Belasting dien om die gasheergemeenskap te vergoed deur infrastruktuur, basiese dienste en openbare geriewe te verskaf ✓✓
    - soos storte en toilette op die strand aan toeriste. ✓
- Die regering het voordeel getrek uit ’n toename in inkomste deur openbare inkomste afkomstig van toeriste te verhoog. ✓✓
  bv. lughawe-vertrekbelasting, ✓ en vliegkaartjiebelasting ✓
- Die regering het inkomste uit casino's ontvang as ’n baie winsgewende bron van inkomste ✓✓
- Die regering het betaling van toeriste ontvang deur normale uitgawebelasting ✓✓ byvoorbeeld:
    - BTW✓,
    - aksynsbelasting en ✓
    - doeaneregte. ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(’n Maksimum van 2 punte kan toegeken word vir blote lys van feite/voorbeelde) (4x2) (8)

**[40]**

**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN HEDENDAAGSE EKONOMIESE KWESSIES**

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

**4.1 Beantwoord die volgende vrae.**

**4.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van veranderlike koste.**

- Elektrisiteit✓
- Water✓
- Onderhoud✓
- Brandstof ✓
- Lone✓

(Aanvaar enige ander relevante voorbeeld) (2x1) (2)

**4.1.2 Hoe kan chemiese besoedeling landbougrond negatief beïnvloed?**

Chemiese besoedeling verminder die gehalte van grond en landbouprodukte wat geproduseer word. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1x2) (2)

**4.2 DATA RESPONS**

**4.2.1 Identifiseer die tipe toerisme wat in die prentjie uitgebeeld word.**

Eko-toerisme✓ (1)

**4.2.2 Noem EEN rede waarom toeriste na Suid-Afrika gelok word.**

- Natuurskoon (fauna en flora) ✓
- Nasionale parke / wild✓
- Vreedsame politieke oorgang✓
- Konvensies✓
- Wieg van die Mensdom✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1x1) (1)

**4.2.3 Beskryf kortliks die term *toeris.***

Mense wat op plekke buite hul gewone leefomgewing reis en bly. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

**4.2.4 Verduidelik die positiewe bydrae van inheemse kennis vir toerisme.**

- Toeriste soek egtheid en uniekheid wanneer hulle plekke besoek. ✓✓
- Hulle wil die inheemse kultuur, geskiedenis en omgewing verstaan, en hoe plaaslike mense leef en werk. ✓✓
- Inheemse kennis lok meer buitelandse toeriste na die land.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1X2) (2)

**4.2.5 Bespreek die voordele van toerisme op besighede.**

- Toerisme bied entrepreneursgeleenthede vir informele sakepersone. ✓✓
- Toerisme bied 'n goeie en volhoubare bron van inkomste vir klein besighede. ✓✓
- Toerisme kan ook 'n stabiele inkomste verskaf en 'n lewenstandaard vir individue handhaaf. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2x2) (4)

## 4.3 DATA RESPONS

**4.3.1 Identifiseer punt $E_1$ in die bostaande grafiek.**

Winsmaksimering / ekwilibrium punt✓ (1)

**4.3.2 Noem die vraagkromme in die bostaande grafiek.**

Marginale inkomste / Gemiddelde inkomste / Prys✓ (1)

**4.3.3 Beskryf kortliks die term *gemiddelde inkomste.***

- Gemiddelde inkomste van 'n besigheid word verkry deur die totale inkomste te deel deur die totale uitset. ✓✓
- Gemiddelde inkomste is die inkomste wat ontvang word per eenheid wat verkoop word. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

**4.3.4 Verduidelik die rede waarom marginale inkomste gelyk is aan gemiddelde inkomste in 'n perfekte mark.**

- Die rede is dat die markprys konstant bly en dieselfe vir elke verkoopte eenheid wat tot gevolg het dat die MI en GI gelyk is aan die prys.

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1x2) (2)


**4.3.5 Bereken die wins in die bogenoemde mark. Toon alle berekeninge.**

| Koste | Inkomste |
|---|---|
| =P x Q | =P x Q |
| =10 x 100 | =12 x 100 |
| =1000✓ | =1200✓ |

Dus sal wins 1200 – 1000✓ = 200✓ wees (2x2) (4)

**4.4 Verduidelik met behulp van 'n grafiek die rede vir 'n tekort in produksie vir produkte met 'n positiewe eksternaliteit.**

**Grafiek:**




**Punte toekenning**
**Benoeming van asses (1)**
**Benoeming van kurwes (1)**
**Skuif van die VV kurwe (2)**
**Aanduiding van ekwilibrium (1)**
**Verandering in prys (1)**
**MAKS (4)**

**Verduideliking:**

- Die ewewigsprys word by e gegee met die prys van P en verkope van Q✓✓
- Die maatskaplike voordeel wat die samelewing verkry, kan verteenwoordig word deur D1D1 ✓✓
- Indien die eksterne voordele oorweeg sou word, sal die ewewig by D wees met uitset Q1 wat teen P1 verkoop word ✓✓
- Daarom moes meer goedere geproduseer geword het as markkragte in ag geneem is✓✓
- Die ewewigsprys word by e gegee met die prys van P en verkope van Q✓✓

(Moet nie die definisie van positiewe eksternaliteite as antwoord aanvaar nie)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (maks 4)
(2x4) (8)

**4.5 Evalueer die regering se bydrae tot inflasie.**

- Regeringsinisiatiewe soos die verhoging van besteding aan kapitaalprojekte soos paaie en behuising het ’n positiewe impak deur ekonomiese groei en infrastruktuurontwikkeling te stimuleer. ✓✓
- Buitensporige staatsbesteding bo die ekonomie se vermoë kan lei tot inflasiedruk aangesien aanvraag die aanbod oorskry. ✓✓
- Beleggings in verbruiksektore soos onderwys, gesondheid en veiligheid dra positief by tot maatskaplike welstand en ontwikkeling van mensekapitaal. ✓✓
- Regeringspogings om werkloosheid en armoede te verminder deur aansienlike besteding aan maatskaplike programme kan ’n voordelige uitwerking op sosio-ekonomiese toestande hê, maar kan ook inflasie veroorsaak. ✓✓
- Om geld te leen om maatskaplike toelaes vinniger as inflasie te verhoog, kan die ekonomie op lang termyn benadeel. ✓✓
- Verlaging van persoonlike inkomstebelasting verhoog verbruikersaanvraag, wat ekonomiese aktiwiteit en marklikiditeit ’n hupstoot gee, wat tot inflasiedruk lei. ✓✓
- Die vermindering van maatskappybelasting en invoerbelasting moedig meer produksie en invoer aan, wat ekonomiese aktiwiteit en internasionale handel ’n hupstoot gee, wat tot inflasionêre druk lei. ✓✓
- Die regering beïnvloed ekonomiese uitkomste positief deur die toepassing van fiskale beleid, maar kan ook inflasiedruk veroorsaak. ✓✓)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Aanvaar beide toenames en afnmaes in inflasie)
(’n Maksimum van 2 punte kan toegeken word vir die blote lys van feite/voorbeelde) (4x2) (8)

**[40]**

## TOTAAL AFDELING B: [80]

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN vraag van die TWEE vrae in die **ANTWOORDBOEK.**

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

<table>
<tr><th>STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL</th><th>PUNTETOEKEN-NING</th></tr>
<tr><td>Inleiding<br>Die inleiding is ’n laerorde-antwoord.<br>• ’n Goeie begin is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou,<br>• te definieer of te omskryf.<br>• MOENIE enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal NIE.<br>• MOENIE in die inleiding noem wat jy in die liggaam gaan bespreek NIE.</td><td>Maks. 2</td></tr>
<tr><td>Liggaam<br>Hoofgedeelte: Bespreek in detail / Diepgaande bespreking / Ondersoek / Bespreek krities / Analiseer / Vergelyk / Evalueer / Onderskei / Differensieer / Verduidelik / Assesseer / Debatteer<br>’n Maksimum van 8 punte kan vir opskrifte/voorbeelde toegeken word.<br>Addisionele deel: Bespreek krities / Evalueer / Evalueer krities / Lei af / Vergelyk / Onderskei / Stel voor / Interpreteer / Debatteer / Hoe?<br>’n Maksimum van 2 punte kan vir die blote noem van feite toegeken word.</td><td>Maks. 26<br><br>Maks. 10</td></tr>
<tr><td>Gevolgtrekking<br>Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit:<br>• ’n Kort samevatting van wat alreeds bespreek is, sonder die herhaling van feite wat reeds genoem is<br>• Enige mening/opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Addisionele ondersteuningsinligting wat die bespreking/ontleding versterk<br>• ’n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra<br>• Aanbevelings</td><td>Maks. 2</td></tr>
<tr><td>TOTAAL</td><td>40</td></tr>
</table>

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Ondersoek die monopolie as 'n markstruktuur.** **(26)**
- **Evalueer die sukses van die Mededingingswet om billike mededinging te bevorder.** **(10)**

**INLEIDING**

'n Monopoliemarkstruktuur staan as 'n polariserende entiteit binne die gebied van ekonomie, gekenmerk deur sy enkelvoudige oorheersing en afwesigheid van mededinging. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante en korrekte inleiding) (maks 2)

**LIGGAAM: HOOFGEDEELTE**

**Aantal produsente ✓**

- Die monopolis het volle beheer oor die verskaffing van 'n produk, want dit is die enigste verkoper✓✓
- Die monopolie verteenwoordig ook die totale industrie bv. De Beers, Eskom ✓

**Aard van die produk ✓**

- Die produk is uniek en het geen nabye plaasvervangers nie ✓✓
- bv. elektrisiteit en spoorvervoer ✓

**Ekonomiese wins ✓**

- Die monopolie maak 'n korttermyn verlies of wins ✓✓

**Tegniese meerderwaardigheid ✓**

- 'n Monopolie het tegniese voordeel bo potensiële mededingers en hul toegang tot hulpbronne en tegniese meerderwaardigheid maak dit moeilik vir ander om mee te ding ✓✓

**Toegang tot skaars hulpbronne ✓**

- 'n Enkele firma besit en beheer 'n spesifieke skaars hulpbron en keer dat ander maatskappye die mark betree ✓✓

**Vraagkromme ✓**

- Monopoliste kan besluit op watter punt op die vraagkromme hulle wil wees✓✓
- Die monopolis is die enigste verskaffer van die produk in die mark; die vraagkromme wat die monopolis konfronteer is dié van die mark as geheel✓✓
- Die markvraagkromme wat van links na regs afwaarts loop / grafiek✓✓

© SACAI KOPIEREG

**Produksievlak ✓**

- In 'n monopolie stel die monopolis pryse vas op grond van markaanvraag, en pas dit aan om verkoopsvolume te verhoog of te verlaag✓✓
- Monopoliste beheer produkpryse en kenmerke onafhanklik, sonder inmenging van mededingers.✓✓
- Marktoetrede hindernisse verhoed dat ander deelnemers monopoliste uitdaag, wat hul oorheersing verseker.✓✓

**Markkragte✓**

- Ten spyte van die feit dat 'n monopolis die enigste verskaffer is, is 'n monopolis onderhewig aan markkragte, insluitend verbruikersbegrotings en mededinging van alternatiewe produkte.✓✓
- Transnet ding byvoorbeeld mee met ander vervoermetodes soos paaie en lugreise.✓✓
- Terwyl 'n monopolis beduidende pryskrag het, word dit deur aanvraag en verbruikersvoorkeure beperk.✓✓
- Aanvraag bepaal die finale markprys, met monopolieë wat beheer het oor produksievlakke langs die vraagkromme.✓✓

**Plaasvervangers ✓**

- Die meeste produkte het plaasvervangers beskikbaar, alhoewel min met absoluut geen nabye alternatiewe nie.✓✓
- Ten spyte van die afwesigheid van mededinging in Suid-Afrika se telefoondienste vir baie jare, kon verbruikers hulle steeds tot alternatiewe soos briewe en telegramme wend.✓✓

**Gunstige omstandighede ✓**

- Entrepreneurs kan baat by gunstige toestande in spesifieke gebiede, soos om die enigste melkverskaffer in 'n dorp of 'n dominante hardewarewinkel of hotel te bedryf.✓✓
- Regsbeskerming, soos dié vir Suid-Afrikaanse Poskantore, kan hul posisie verder versterk.✓✓
- Suiwer monopolieë is 'n algemene rariteit in Suid-Afrika ✓✓
- Suiwer monopolieë is skaars in Suid-Afrika, waar plaasvervangers bestaan, en toegangshindernisse laag is, wat lei tot wat 'n kwasi-monopolie genoem kan word.✓ ✓

**Markinligting ✓**

- Alle kopers en die enkele verkoper dra volle kennis van al die huidige marktoestande ✓✓

**Uitbuiting van verbruikers ✓**

- Die monopolis kan minder produkte teen ’n hoër prys produseer in vergelyking met besighede onder volmaakte mededinging ✓✓
- As die enigste produsent kan ’n monopolis verbruikers uitbuit. ✓✓
- Om dit te voorkom, monitor regerings tipies beide nuwe en bestaande monopolieë noukeurig.✓✓
    - bv. De Beers✓

**Marktoetrede ✓**

- Die hindernisse verhoed ander produsente om die mark te betree om dieselfde tipe produk te verskaf ✓✓

**Natuurlike monopolieë ✓**

- Hoë ontwikkelingskoste is dikwels ’n rede - die voorsiening van elektrisiteit word dikwels as ’n voorbeeld gebruik✓✓
- Om ’n kernkragstasie en transmissielyne te bou om elektrisiteit te versprei kos miljarde rande ✓✓
    - bv. Eskom ✓

**Kunsmatige monopolieë ✓**

- Toegangsversperrings, soos patentregte, is nie ekonomiese maar wetlike beperkings wat eksklusiewe vervaardigingsregte aan patenthouers verleen vir hul uitvindings. ✓✓
- Patente word ook gereeld in die farmaseutiese industrie teëgekom ✓✓
- Lisensiëring is ’n ander manier waarop kunsmatige monopolie toegepas word. ✓✓
    - bv. TV- en radiolisensies ✓
- Lisensies beskerm operateurs teen toetrede van ander mededingers ✓✓

**Skaalvoordele ✓**

- Dit gee voordele aan groot bestaande maatskappye ✓✓
- Vind plaas wanneer die koste per eenheid afneem wanneer die uitset toeneem ✓✓
- Groot besighede se produksiekoste per eenheid is laer as dié van klein besighede.✓✓
    - bv. Eskom ✓

**Die geografiese gebied ✓**

- Dit kan ook ’n natuurlike versperring veroorsaak, bv. net een vakansieoord kan op die seefront pas as ’n eksklusiewe strand ✓✓

**<u>Grootte van die mark ✓</u>**

- Soms geniet ’n besigheid gunstige omstandighede in ’n sekere klein mark ✓✓
- bv. daar mag dalk net een hardewarewinkel in ’n spesifieke klein dorpie wees ✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord)
(’n Maksimum van 6 punte kan toegeken word vir blote lys van feite/voorbeelde) (maks 26)

**ADDISIONELE GEDEELTE**

**Evalueer die sukses van die Mededingingswet om billike mededinging te bevorder.**

- Die Mededingingswet het doeltreffendheid in die mark verhoog deur die doeltreffendheid van die Mededingingskommissie en Tribunaal, bv. strawwe vir onmededingende gedrag. ✓✓
- Die Mededingingswet verbeter billikheid in markte deur toegang te verseker tot mense wat voorheen benadeel was om aan die ekonomie deel te neem ✓✓
- Die Mededingingswet poog om by te dra tot die ontwikkelingsdoelwitte wat op sy beurt mededinging onder ekonomiese deelnemers sal lei. ✓✓
- Die Mededingingswet voorsien verbruikers van mededingende pryse en produkkeuses. ✓✓
- Die Mededingingswet verseker effektief dat klein en mediumgrootte ondernemings ’n billike geleentheid het om aan die ekonomie deel te neem. ✓✓
- Die Mededingingswet bevorder die verspreiding van eienaarskap wat regverdige mededinging binne die ekonomie bevorder. ✓✓
- Die Mededingingswet ondersoek die verband tussen mededingingsbeleid en ekonomiese groei om te bepaal of die Wet tot breër makro-ekonomiese doelwitte bygedra het. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante feite)
(’n Maksimum van 2 punte mag toegeken word vir blote lys van feite/voorbeelde) (maks 10)

**GEVOLGTREKKING**

Om die implikasies van monopoliemag te verstaan, is noodsaaklik vir beleidmakers, reguleerders en ekonome om potensiële negatiewe gevolge te versag en billike mededinging te bevorder. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante en korrekte gevolgtrekking) (maks 2)

**[40]**

**OF**

**VRAAG 6: HEDENDAAGSE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek die gevolge van vraagtrekinflasie volledig. (26)**
- **Evalueer die bydrae van toerisme tot vraagtrekinflasie. (10)**

**INLEIDING**

’n Volgehoue en beduidende toename in die algemene prysvlak oor ’n tydperk; en ’n gelyktydige (terselfdertyd) afname in die koopkrag van geld✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding) (maks 2)

**LIGGAAM: HOOFGEDEELTE**

**Gevolge van vraagtrekinflasie**

**<u>Debiteure/Krediteure</u>**✓

- Debiteure baat omdat hulle geld met ’n hoë koopkrag ontvang en hul skuld terugbetaal met geld met ’n lae koopkrag. ✓✓
- Krediteure aan die ander kant ly as daar ’n toename in die aanvraag en dus die prys of rentekoers is ✓✓
- Leners (debiteure) trek voordeel uit prysstygings, maar leners (krediteure) ly daardeur. ✓✓
- Inflasie spoor leners aan om lenings met ’n sterker koopkrag te bekom en dit dan met ’n swakker geldeenheid terug te betaal, tensy dit deur voldoende rentekoerse geneutraliseer word. ✓✓
- Inflasie raak alle bates, wat veroorsaak dat spaargeld in banke waarde verloor, terwyl leners bevoordeel word deur lenings met waarde-verminderde geldeenheid terug te betaal. ✓✓

**<u>Loon- en salaristrekkers</u>** ✓

- Mense met ’n vaste inkomste sal minder kan koop namate pryse styg. ✓✓
- Prysstygings raak mense wie se inkomste relatief vas is, byvoorbeeld mense wie se inkomste nie teen dieselfde tempo as pryse styg nie. ✓✓
- Voorbeelde sluit in afgetrede mense, ✓ pensioenarisse✓ en die armes. ✓
- Soos pryse styg, koop hul byna vaste inkomste al hoe minder aan. ✓✓
- Omgekeerd, sommige individue en entrepreneurs sien hul inkomste styg vinniger as inflasie, wat voordeel trek eerder as om daardeur te ly. ✓✓

**Beleggers en spaarders**✓

- Bates met 'n vaste nominale waarde het 'n vaste opbrengs en laer koopkrag soos pryse styg. Werklike waarde van spaargeld neem af✓✓
- Verskillende tipes beleggings word verskillend deur inflasie geraak:
  - Bates met vaste nominale waardes: ✓
    - Baie individue hou 'n beduidende deel van hul rykdom in vastewaarde, vasterente-opbrengsbates soos deposito's, skuldbriewe en effekte. ✓✓
    - Hierdie bates het 'n vaste nominale waarde en gee 'n vaste opbrengs indien dit tot vervaldatum gehou word. ✓✓
    - Omdat hul nominale waarde konstant bly, verminder die koopkrag van die nominale waarde wanneer daar inflasie is – hul werklike waarde neem af✓✓
  - Bates met buigsame markwaardes: ✓
    - Aandeelhouers en eienaars van eiendom trek tipies voordeel uit prysstygings aangesien batewaardes geneig is om saam met inflasie te styg as gevolg van buigsame markwaardes. ✓✓
    - Pryse van hierdie bates styg dikwels vinniger as stygings in die algemene prysvlakke. ✓✓
    - In hierdie geval skep inflasie welvaart tot voordeel van die mense wat hierdie bates hou✓✓

**Belastingbetalers** ✓

- In Suid-Afrika word inkomste op 'n progressiewe stelsel belas. ✓✓
- 'n Progressiewe belastingstelsel beteken dat marginale en gemiddelde belastingkoerse styg soos inkomstevlakke toeneem. ✓✓
- Verbruikers ervaar 'n hakie kruip, as gevolg van inflasie en progressiewe inkomstebelasting en die staatsvoordele✓✓
- Hoe hoër 'n individu se inkomste is, hoe groter is die persentasie inkomste wat hy aan belasting moet betaal. ✓✓
- Met inflasie styg belastingbetalers se nominale inkomste (lone en salarisse) selfs wanneer hul reële inkomste onveranderd bly. ✓✓
- Belasting word op nominale inkomste gehef en nie op reële inkomste nie. ✓✓
- Die inkomstebelastingskedule bly onveranderd; inflasie verhoog die gemiddelde koers van persoonlike inkomstebelasting. ✓✓
- Individue sal hoër belasting moet betaal al is hulle nie beter daaraan toe as voorheen nie. ✓✓
- Hierdie verskynsel staan bekend as "bracket creep" of "fiskale vertraging" en lei tot herverdeling van inkomste van belastingbetalers na die regering. ✓✓
- Fiskale vertraging vind plaas wanneer inflasie-aangepaste salarisverhogings individue in hoër belastinggroepe instoot, wat die voordeel van hul verhoging as gevolg van verhoogde belasting verminder.
- Kruip inflasie spruit uit 'n kombinasie van inflasie en progressiewe inkomstebelasting. Dit het dieselfde effek as 'n verhoging in die belastingkoers. ✓✓

**<u>Industriële stabiliteit</u>** ✓

- Loonbedinging gaan gepaard met stakings en massa-aksie✓✓
- Hierdie aksies lei soms na geweld, wat die samelewing in die algemeen raak.✓✓
- Hoë inflasie en regeringsweerstand teen loonverhogings het gelei tot wydverspreide burgerlike onrus in uiterste gevalle. Onrus het gevolg. ✓✓

**<u>Werkloosheid</u>** ✓

- Die privaat- en openbare sektore ervaar ernstige tekorte aan geskoolde en hoogs geskoolde werkers. ✓✓
- Stygings in die koste van sulke arbeid sal beslis tot koste- en prysstygings lei. ✓✓
- Boonop dra inflasie-loon-spirale as gevolg van stygende brandstof-, energie-, vervoer- en voedselpryse alles by tot inflasiedruk. ✓✓

**<u>Betalingsbalansprobleme</u>** ✓

- As ’n land se inflasiekoers hoër is as dié van sy handelsvennote, styg die pryse van uitgevoerde-goedere terwyl die pryse van ingevoerde goedere daal. ✓✓
- Dit lei tot verlies aan mededingendheid in die uitvoermark, wat weer lei tot verminderde uitvoere. ✓✓
- Dit lei tot verlies aan mededingendheid in die uitvoermark, wat weer lei tot verminderde uitvoere. ✓✓

**<u>Sielkundige invloed</u>** ✓

- Inflasie lei tot verhoogde onsekerheid in die ekonomie✓✓
- Inflasie is ook geneig om inkomste van lae-inkomstegroepe na hoërinkomstegroepe te herverdeel✓✓
- Kragtige groepe, insluitend vakbonde en groot maatskappye, kan hul deel van nasionale inkomste verhoog, dikwels ten koste van benadeelde individue soos pensioenarisse, werkloses en welsyn ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante feite)
(’n Maksimum van 6 punte mag toegeken word vir blote lys van feite/voorbeelde) (maks 26)

**ADDISIONELE GEDEELTE**

**Evalueer die bydrae van toerisme tot vraagtrekinflasie.**

- Toerisme lei tot meer verbruikers in die land, wat die vraag na plaaslike goedere en dienste verhoog✓✓
- Die skep van plaaslike werksgeleenthede verhoog besteebare inkomste en verhoog die vraag na plaaslike goedere en dienste.✓✓
- Meer toeriste lei tot meer sakegeleenthede in motorhuur, kuns, kunsvlyt en curioverkope. ✓✓
- Werksgeleenthede in vermaak, wasgoed en vervoer ✓✓
- Die skep van hoër winsverwagtinge van besighede. ✓✓
- Besighede sal meer belê en dit kan lei tot ’n toename in die vraag na goedere en dienste. ✓✓
- Verhoging van staatsbesteding lei tot ’n styging in pryse. ✓✓
- Meer geld kom in omloop as gevolg van ’n toename in besteding aan infrastruktuur by toeriste-aantreklikhede. ✓✓
- Verhoging van staatsinkomste (belasting) wat lei tot ’n verdere toename in staatsbesteding ✓✓
- Toeriste word gesien as deel van die algehele belastingbasis (bv. Lughawe-vertrekbelasting en hoteltoerismeheffings verhoog die hoeveelheid belasting wat ingevorder word). ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante en korrekte antwoord)
(Maksimum van 2 punte vir blote lys van feite/voorbeelde) (maks 10)

**GEVOLGTREKKING**

Suid-Afrika trek voordeel uit toerisme deur die groei in die bruto binnelandse produk (BBP), indiensneming en infrastruktuurontwikkeling. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte, relevante gevolgtrekking) (maks 2)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: [40]**

**GROOTTOTAAL: [150]**

© SACAI KOPIEREG